



SENIOR AFRIKAANSE OLIMPIADE 2019

AFRIKAANS HUISTAAL EN AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Is die leerders in jou klas boffins as dit by Afrikaans kom? Dan is die ATKV se Afrikaanse Olimpiade vir leerders van graad 10 tot graad 12 die ideale geleentheid om hulle uit te daag. Skryf Afrikaanse slimkoppe sommer nou in vir die Afrikaanse Olimpiade vir seniors om hul tegniese taalvaardighede in Afrikaans Huistaal of Afrikaans Eerste Addisionele Taal te toets.

Die besonderhede is soos volg:

1. KATEGORIEË

- Junior afdeling: Graad 7 – 9 (sien afsonderlike brief)
- Senior afdeling: Graad 10 – 12

2. VRAESTELLE

By elke kategorie is daar twee vraestelle. Leerders moet een van die twee vraestelle skryf.

- Afrikaans Huistaal: Leerders wat Afrikaans as Huistaal neem.
- Afrikaans Eerste Addisionele Taal: Leerders wat Afrikaans as Eerste Addisionele Taal neem (ongegag die leerders se huistaal).

3. EKSAMENINLIGTING

- Eksamendatum: Dinsdag 14 Mei 2019
- Tyd: 13:00 – 16:00 (Jy mag die tyd aanpas op dié dag, indien dit die skool se program beter pas. Leerders moet egter die volle drie ure gegee word om die vraestel te skryf.)
- Plek: Julle skool

4. SLUITINGSDATUM

- Woensdag 13 Februarie 2019

Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Hierdie bepaling moet asseblief eerbiedig word.

5. INSKRYWINGSGELD

- Die inskrywingsgeld beloop **R50 per leerder** vir die senior afdeling.
- Geen gelde sal terugbetaal word indien 'n leerder onttrek nie.

6. INSKRYWINGS

- Inskrywings moet deur middel van die skool geskied. Geen privaat inskrywings kom in aanmerking nie.
- Vul asseblief die ingeslote inskrywingsvorm volledig in. Indien die inligting nie volledig is nie kan die inskrywingsvorm nie verwerk word nie.
- **Bewys van betalings moet saam met die inskrywings gestuur word. Inskrywings sal nie verwerk word voordat die bewys van betalings ontvang is nie.**
- Aanlyn inskrywings kan gemaak word by <https://bit.ly/2Hog4L9>. Maak asseblief seker dat jy die bewys van betaling gestuur het alvorens jy begin met die proses, want dit moet aangeheg word om die inskrywing te voltooi.
- Inskrywings moet die ATKV voor of op die sluitingsdatum van Woensdag 13 Februarie 2019 bereik.
- Geen gelde word terugbetaal indien 'n leerder onttrek nie. Indien 'n leerder afwesig is of onttrek, mag jy enige ander leerder in sy/haar plek laat skryf.

7. BETALINGS

Die inskrywingsgeld kan op drie maniere betaal word.

- Elektroniese oorplasing – druk die bewys van betaling uit en stuur dit saam met die inskrywings in of stoor dit en heg dit aan by die aanlyn inskrywings.
- Direkte deposito's – stuur die depositostrokke saam met die inskrywings in.
- Merk asseblief duidelik op alle bewyse dat die inbetaling bedoel is as inskrywingsgeld vir die **Afrikaanse Olimpiade**. Daar word daagliks geld in die ATKV se rekening inbetaal vir verskeie projekte en ons moet weet vir watter projek die geld bedoel is.
- Geen kontant mag gestuur word nie.

8. BANKBESONDERHEDE

Rekeningnaam: ATKV

Bank: Absa

Tak: Randburg

Takkode: 632 005

Rekeningnommer: 170 166 728

Meld asseblief duidelik as verwysing: **AFRIKAANSE OLIMPIADE**

9. HOE WORD INSKRYWINGS GESTUUR?

Skole word versoek om aanlyn of elektronies in te skryf sover as wat dit moontlik is. Daar neem jaarliks sowat 13 000 leerders aan die Olimpiades deel. Aanlyn of elektroniese inskrywings skakel grootliks die moontlikheid van foute uit, want dan hoef besonderhede nie per hand vanaf die inskrywingsvorme ingetik te word nie.

- **Aanlyn:** Besoek <https://bit.ly/2Hog4L9>
- **Per faks:** 086 646 0641 – Vir aandag: Afrikaanse Olimpiade
Bevestig asseblief of ons die faks ontvang het. Indien jy nie bevestig nie, is daar geen waarborg dat julle leerders geregistreer is vir die Olimpiade nie.
- **Per e-pos:** Jy kan 'n *Excel*-dokument aan die hand van die aangehegte inskrywingsvorm skep en dit dan per e-pos stuur aan jeannen@atkv.org.za. Of jy kan die dokument inskandeer en e-pos.

Dit is baie belangrik dat wanneer jy 'n nuwe dokument skep om dit per e-pos in te dien, die opskrifte van die kolomme presies moet ooreenstem met dié van die aangehegte inskrywingsvorm.

10. PRYSE

- Drie nasionale pryse per Olimpiade:
 - Eerste Prys: R3 500
 - Tweede Prys: R3 000
 - Derde Prys: R2 500
- Provinsiale wenners van elk van die provinsies (insluitend Namibië) ontvang R1 000 elk.
- Wenners ontvang ook 'n jaar lank die *TG*, asook 'n geskenk met die komplimente van die ATKV.
- Elke deelnemer ontvang 'n sertifikaat.

11. AARD VAN VRAESTELLE

Die vraestel bestaan uit meerkeusige vrae en leerders kan vir die Olimpiade voorberei deur na die 2018-vraestel te kyk.

Die Huistaal-vraestel bestaan uit die volgende afdelings:

- Stillees
- Taalkunde
- Poësie
- Prosa
- Drama

Die Eerste Addisionele Taal-vraestel bestaan uit die volgende afdelings:

- Begrip
- Taal
- Poësie
- Prosa

12. UITSLAE

Die uitslae en sertifikate sal aan skole gepos word.

13. NAVRAE

- Tel.no.: 011 919 9088
- Faksno.: 086 646 0641
- E-posadres: jeannen@atkv.org.za

By voorbaat baie dankie vir jou aandag, ondersteuning en deelname. Dit word opreg waardeer.

Met vriendelike ATKV-groete,

JEANNÉ NAUDÉ
ORGANISEERDER: OLIMPIADE